


in die skadu van

GETSEMANNE

OUER HANDLEIDING





Gen 3:19

... Stof is jy, en jy sal weer stof word.

Weet jy watter dag is dit vandag? Dit is Aswoensdag, en op hierdie dag kry ons 'n simbool van die kruis op ons voorkoppe met as. Dit herinner ons dat Jesus die een is wat ons red deur vir ons te gee wat ons nodig het. Dit is God wat ons lewe gee!

Die as herinner ons dat ons mense is en dat ons deur God geskep is vanuit stof. Onthou jy die storie van hoe God Adam geskep het? In die tuin van Eden, het God stof gevat en Hy het versigtig 'n mens geskep, Adam. Toe het God sy asem in die persoon wat van stof gemaak is ingeblaas en Adam het begin lewe. Dit is hoe God mense geskep het - van stof -, en dit beteken ons gaan nie vir ewig lewe nie.

Ons het God nodig terwyl ons leef omdat dit God is wat vir ons alles gee wat ons nodig het om elke dag te kan leef. Om te leef is baie kosbaar. Dit beteken ons kan groei en baie nuwe goed oor onself en God ontdek.

Gedurende die volgende veertig dae gaan ons tyd spandeer om onself te herinner om elke dag iets van Jesus te ontdek. Dit klink soos 'n avontuur nê? Maar hoe herinner jy jouself elke dag om Jesus te volg in alles wat jy doen?

Wel, om dit te doen, moet jy onthou dat jy altyd kan groei in 'n beter weergawe van jouself – meer en meer soos Jesus. Jy is nog steeds jy, maar jy luister na Jesus en tree op en praat soos Hy jou leer om op te tree en te praat. Dit is waaroor 'n geloofsreis gaan: om te ontdek hoe ons kan groei en hoe om waarlik te lewe. Net soos 'n plant water nodig het, so het ons ook iets nodig om in geloof te kan groei.

Ons groei in geloof wanneer ons:

1. Oor al die wonderlike stories van Jesus in die Bybel lees en deur te luister na wat dit ons vertel van ons eie lewens. So leer ons om Jesus te volg.
2. Bid – Vandag kan jy vir jouself 'n gebedsboks maak. Vra jou familie om hulle gebedsversoeke daarin te sit. Dan, elke oggend of aand, haal jy 'n versoek uit en bid daarvoor.
3. Gee aan ander. Jy kan van jou tyd gee om iets vir iemand te doen. Of jy kan regtig luister wanneer iemand praat deur al jou aandag aan hulle te gee.



Klink dit soos iets wat jy sal kan doen? Gedurende die volgende veertig dae van Lent gaan ons fokus op die ontdekking van nog meer wonderlike dinge oor Jesus en onself. Maar kom ons kry eers die teken van die kruis op ons voorkop om ons aan al hierdie dinge te herinner.


Gesels saam hieroor:

Wat dink jy kan jou help om in jou geloof te groei?

- Waarin sal jy wil groei (leer of oefen) gedurende die volgende veertig dae?

Overleiding

Tydens Lent spandeer ons tyd saam met Jesus in die tuin van Getsemane. As gesin kan julle elke week die storie van Jesus in die tuin van Getsemane saam lees en weekliks fokus op van die verse in die hierdie skrifgedeelte (Luk 22:29-46) en met mekaar hieroor gesprek voer.



“Jesus het uit die stad gegaan na die Olyfberg, soos Hy gewoon was om te doen. En die dissipels het Hom gevolg.” -Luke 22:39 [NLV]

Dis belangrik om te dink oor die dinge wat ons gereeld doen, want hierdie dinge vorm wie ons is en wat ons sal word. Jesus was bewus van die dinge wat Hy gedoen het. Hy het spesifiek gekies om sekere dinge te doen as ‘n lewenswyse. Jesus nooi ons ook om sy gewoontes te probeer naboots.


Gesels saam:

Kom ons gesels saam oor van Jesus se gewoontes.

Watse gewoonte het Jesus gereeld gedoen? Wat is die dinge (gewoontes) wat jy gereeld in jou lewe doen? Watter gewoontes wil jy doen soos wat Jesus dit gedoen het? Hoe sal hierdie “Jesus-gewoontes” ons lewens beïnvloed?

Week 1 - Jesus se gewoontes, my gewoontes.





Die lewe kan soms moeilik wees, maar ek kies om op God te vertrou.

Jesus het Hom toe van hulle afgesonder, ongeveer 'n klipgooi ver. Daar het Hy gekniel en gebid: “Vader, as U wil, neem hierdie beker van My af weg. Laat nogtans nie my wil nie, maar u wil geld!” Lukas 22:41-42 (NLV)

Kom ons lees hierdie verse saam. Lukas 22:39-42 (NLV)

Vers 39 - Jesus het die stad verlaat en volgens gewoonte Olyfberg toe gegaan, en sy dissipels het Hom gevolg.


(Jesus en sy dissipels het weggegaan na die Olyfberg toe. Dit was die berg se naam. Kom ons kyk wat hulle gedoen het.)

Vers 40 Toe Hy op die plek aankom, sê Hy vir hulle: “Bid dat julle nie in versoeking kom nie.” (Jesus het vir sy dissipels gesê om te bid dat hulle nie in die versoeking kom nie. Toe het Hy van hulle af weggegaan. Kom ons kyk wat Hy gedoen het.)

Vers 41 – 42 Hy het Hom toe van hulle afgesonder omtrent so ver as 'n mens met 'n klip kan gooi. Daar het Hy gekniel en gebid: “Vader, as U wil, neem tog hierdie lydensbeker van My af weg. Laat nogtans nie my wil nie maar u wil geskied!” (Hoe dink jy het Jesus gevoel toe Hy hierdie gebed in die tuin van Getsemane gebid het? Jesus sou iets doen wat baie moeilik was, en Hy was dalk bang, alleen, bekommerd. Watter ander gevoelens dink jy het Jesus gehad? Het jy al enige van daardie gevoelens ervaar?)

Ons almal voel soms daardie gevoelens. Soms is ons lewens ook moeilik, en ons is bang, ons voel alleen, ons is bekommerd. Ons weet nie hoe om dit wat verkeerd is, reg te maak nie. Die goeie nuus is, God is altyd met ons, maak nie saak in watter omstandighede ons onself bevind nie. Jesus het geweet dat Hy sou sterf, maar Hy het steeds op God vertrou om Hom te help om God se wil te kies. Dit beteken Hy't gesê: God, ek wil doen wat U wil hê ek moet. Jesus het vertrou dat God die beste weet. Wat dink jy kan jy in moeilike tye doen?

Week 2 - Jesus se lewe, my lewe



Hy sê toe vir hulle: “Waarom slaap julle? Staan op en bid dat julle nie in die versoeking kom nie.” Lukas 22:46


Doen hierdie gebedsoefening as gesin. Sit almal saam om die tafel of waar dit ookal vir gemaklik is om te sit. Begin die gebed en nooi dan die hele gesin om deel te neem. “Here, ons is so bly dat U met ons praat.”

Vandag is ek bly oor _____.
Dankie dat U dit aan my gegee het.

Vandag is ek hartseer oor _____.
Help my asseblief.

Gee nou die elkeen in die gesin kans om met God te praat. Na die laaste persoon gebed het, sê Amen.

Week 3 - Jesus bid, ek bid. (Hoe bid ek?)



Toe Hy van die gebed opstaan en by die dissipels kom, kry Hy hulle aan die slaap, uitgeput van droefheid. 46Hy sê toe vir hulle: “Waarom slaap julle? Staan op en bid, sodat julle nie in versoeking kom nie.” Lukas 22:45, 46


Ons gesels hierdie week saam oor versoeking. Wat beteken versoeking? As ons na die fokusvers kyk, kan ons sê dat die dissipels versoek was om te slaap. Hulle was so moeg dat hulle versoek was om te slaap in plaas daarvan om te bid soos Jesus vir hulle gevra het om te doen. Soms doen ons ook goed wat ons nie moet doen nie. Jesus nooi ons om ons oë altyd op Hom te hou, want dan kan ons versoeking weerstaan.

Gesels saam:

Om versoekings te deel kan vir kinders moeilik wees omdat hulle bang is vir die reaksie wat die ontlont. Lei die gesprek deur te sê ons luister na mekaar se versoekings en leer saam om Jesus te vra om ons te help.

Watse versoekings kom oor jou pad? Wat sal jou help om jou oë op Jesus te hou in oomblikke van versoeking?

Week 4 - Jesus, versoeking en ek.



Toe staan Hy van die gebed op en kom by sy dissipels en vind hulle aan die slaap van droefheid. En Hy sê vir hulle: Wat slaap julle? Staan op en bid, dat julle nie in versoeking kom nie. Lukas 22:45-46 (Afr 53)

Neem jul tyd as gesin en gee elkeen om die tafel 'n kans om 'n teken te wys bv. 'n duim in die lig. Gee geleentheid om te sê wat dit beteken. Ouer kinders sal ander tekens wys. Bespreek dan kortliks watse tekens jul nog ken wat iets spesifiek beteken. Wat doen jy as jy nie weet wat 'n teken beteken nie? Ja, jy vra.

Jesus het gebid. Hy het God gevra om Hom te help om te doen wat Hy wou hê Jesus moet doen. In vandag se teksvers sien ons Jesus vra vir Sy dissipels: Hoekom slaap julle? Hoekom dink jy vra Hy dit vir die dissipels? Wat dink julle wou Jesus vir hulle leer?

Jesus het vir hulle gevra, hoekom slaap julle? Staan op, word wakker, julle moet bid! As jy slaap sien jy nie wat aangaan nie, jy let nie op nie. So, Jesus maak sy dissipels wakker sodat hulle kan sien wat gebeur. Jesus leer ons dat ons moet aandag gee aan ons dag en wat daarin gebeur, sodat ons op alles kan reageer met Sy hulp. Soms kan ons deur 'n hele dag gaan en nie eens onthou wat gebeur het nie, omdat ons nie opgelet het nie.

Jesus, met sy woorde, "Staan op", leer ons dat ons kan herken wat gebeur, en ons kan daarop reageer. Ons gaan 'n manier leer wat ons kan help sien wat gebeur en saam met God daarop te reageer – hierdie manier van bid word refleksiegebed genoem.

Ons gaan vandag 'n paar tekens leer. Hulle gaan ons help onthou dat Jesus wil hê ons moet luister, sien en reageer op dinge wat elke dag in ons lewens gebeur.

Ons gaan 'n refleksiegebed as gesin saam doen. Om te onthou wat 'n refleksiegebed is, gaan ons 3 maklike bewegings memoriseer.

Ek (wys na self) wil

- Onthou (beide hande wys na jou kop) wat deur my dag gebeur het,
- Die goeie dinge (duime na bo) en die Here dank (biddende hande) ---- noem die goeie dinge
- Die hartseer (hartseer gesig) en moeilike dinge (duime na onder) Help my asseblief, Jesus (Oop hande) ---- sê vir Jesus waarmee Hy jou kan help Amen

(vir ouers kinders hoef jy nie die bewegings by te sit nie)



Gee vir elkeen in die gesin 'n kans om 'n refleksie gebed te doen. As ouer kan jy van die geleentheid gebruik maak om 'n spasie te skep om jou kind te hoor en hulle kan jou ook hoor.



TEL	011 268 4900
PASTORALESORG – NOODLYN	082 372 6818 (geen sms'e)
WHOLENESS – SENTRUM	011 215 7200
NAVRAE	info@mosaïek.com